

Sing vooraf staande: Psalm 16:1 (p. 61)

- 1 Bewaar my tog, o God, op wie 'k vertrou! / Ek skuil by U, my toevlug in die lewe.
Daar is vir my, in wat die oog aanskou, / geen goed bo U, so eind'loos hoog verhewe.
En wie op aarde U ken en vrees, o HERE, / húl noem ek groot, hul is my roem en ere.

Kom ons begin hierdie ontmoeting met God deur openlik teenoor mekaar en teenoor God te verklaar:

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 31:1, 3 (p. 143)

- 1 Net soos 'n rots, gesterk, gestewig / teen storm en ongety, / is U, o HEER, vir my.
Maak my tog nie beskaamd vir ewig. / Bevry my, hoor my bede / na u geregtighede.
- 3 U is my eewge rots, o HERE! / Diep in u veil'ge sy / sal ek genestel bly.
U sal my lei, u Naam ter ere, / tot ek die net verby is / wat voor my voet gesprei is.

Gebed.

- *Doksologie:*
 - *Aanbidding:*
 - *Skuldbelydenis:*
 - *Vergifnis:*
 - *Dank:*
 - *Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God*
 - *Algemene bede:*
 - *Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:*
- Amen.

Psalm 27:4 (p. 127)

- 4 My hart sê my, omring deur donkerhede: / "O soek die HEER, die bron van lig en krag."
Ek soek u aangesig in my gebede; / verberg dit nie wanneer ek op U wag.
Wys tog u kneg nie af, dat ek, o HEER, / die glans van u genade nooit ontbeer.
U is my hulp, die God van heil op wie / ek vas vertrou – begeef, verlaat my nie!

Skriflesing: Galasiërs 4.

Teks: Galasiërs 4:4, 5; Kategismus Sondag 14

Maar toe die volheid van die tyd gekom het, het God sy Seun uitgestuur, gebore uit 'n vrou, gebore onder die wet, om die wat onder die wet was, los te koop, sodat ons die aanneming tot kinders kan ontvang.
(Galasiërs 4:4-5 AFR53)

Toe die apostel Paulus vir die Galasiërs gepreek het dat ons geregverdig word uit genade alleen, want die Here Jesus het totaal en ten volle vir ons sondes betaal voor God, het die Joodse predikers vir hom kwaad geword.

- Hulle kon dit net nie aanvaar dat 'n mens deur die geloof in die Here Jesus alleen gered kan word nie.
- Hulle het geglo dat die wet belangriker is as die evangelie van die Here Jesus Christus.
- Hulle het letterlik alles wat hulle kan in die werk gestel om die bekeerdes na die Christendom toe weer diensbaar aan die wet te maak.

Om die dwaasheid van verslawing onder die wet aan die volk te verduidelik, het die apostel Paulus 'n gelykenis gebruik. Hy het die kerk van die Ou Testament voorgestel as 'n minderjarige kind.

- Hierdie kind het 'n onderwyser (tugmeester).
- Paulus het dit al in die vorige hoofstuk geskryf:

Die wet was dus ons tugmeester na Christus toe, sodat ons geregverdig kan word uit die geloof. Maar nou dat die geloof gekom het, is ons nie meer onder 'n tugmeester nie. (Galasiërs 3:24-25 AFR53)

So was ons ook, toe ons kinders was, in diensbaarheid onder die eerste beginsels van die wêreld. (Galasiërs 4:3 AFR53)

Die onderwyser moet hierdie kind die eerste beginsels van die wêreld leer – soos wat 'n kind die eerste beginsels van sy wetenskaplike opvoeding op skool leer.

- Maar wanneer die kerk volwasse geword het, dan word hierdie opleiding gestaak.
- Dan breek daar 'n baie heerlike tydperk (bedeling) aan. Die opvoeding van die kind is voltooi en hy betree die tydperk van volwassenheid.
- Tydens sy volwassenheid is die kerk vry. Maar om vry te kan word, het God sy Seun gestuur. Hy vervul die wet vir sy kerk.

Ons gee aandag aan drie dinge wat met hierdie daad gebeur het:

- 1. Die werk van God**
- 2. Die verskriklike vernedering van Christus**
- 3. Die verlossing en aanneming van sy kerkvolk**

1. Die werk van God

God wat oor alle tye beskik, het sy Seun gestuur toe Hy bepaal het dat dit **die volheid van die tyd** was.

- Hy het met sy wysheid vasgestel hoe lank die wettiese bedeling sou duur.
- Toe die tyd verby is, het die bedeling van God se koninkryk aangebreek:
 - God het sy eniggebore Seun na die aarde toe gestuur.
 - Hierdie Seun is die ewige God self en Hy bly dit vir ewig.

Kyk hoe tree die Here op: Ons optrede is om oortreders dadelik te straf – en as dit 'n ernstige oortreding is, moet die oortreder erg gestraf word.

- MAAR God tree nie so op nie!
- Hy stuur nie 'n engel van die verderf om al die sondaars te kom straf oor alles wat hulle teen sy heiligheid aangevang het nie!
- Hy stuur sy Seun om die sondaars van die ewige straf van sy toorn te verlos en om hulle met Hom te versoen.
- Waarom het die Here dit gedoen? Omdat Hy dit van die begin af beloof het.

Die grootsheid en onverstaanbaarheid van God se liefde kom daarin uit dat Hy verkies om ons te versoen eerder as om ons te verdag.

- Dit is die vrug van God se oneindige almag en liefde wat ons sekerlik nie verdien nie.
- Hy openbaar Hom in die tweede Persoon van sy Drie-Eenheid as die Seun wat mens word – die Almagtige God wat as mens gebore word en tussen ons kom leef.
- Al het Hy mens geword, was Hy van ewigheid af daar, want Hy is ongeskape.

God skenk sy ewige Heilige Gees aan ons om hierdie groot daad van God aan ons te openbaar sodat ons dit kan glo.

NB: Hy verduidelik dit nie sodat ons dit kan verstaan nie – Hy openbaar dat dit is wat Hy doen, sodat ons dit kan glo.

2. Die verskriklike vernedering van Christus

Die Seun van God word uit 'n vrou, Maria, gebore.

- So word Hy ons natuur deelagtig.
- Natuurlik is hierdie gebeurtenis onverstaanbaar: Die Heilige God word die seun van 'n aardse vrou.
 - Menslik gesien het die Seun van God 'n geslagsregister van sondige mense wat sy voorvaders is – die geslag van Dawid.
 - Die een voorvader is so roemryk soos die ander in hulle sondes!

Die Seun van God kon beslis op 'n ander manier ook gekom het: Hy kon bloot verskyn het as die almagtige God, maar God wil dit nie so doen nie.

- Hy wil aan ons gelyk wees in elke opsig – uitgesonderd die sonde.

Daarom moes Hy in alle opsigte aan sy broeders gelyk word, sodat Hy 'n barmhartige en getroue hoëpriester kon wees in die dinge wat in betrekking tot God staan, om die sondes van die volk te versoen. (Hebreërs 2:17 AFR53)

Want ons het nie 'n hoëpriester wat nie met ons swakhede medelye kan hê nie, maar een wat in alle opsigte versoek is net soos ons, maar sonder sonde. (Hebreërs 4:15 AFR53)

Teenoor Hom:

- is ons swakke mensekinders wat elke dag dieper in die moeilikheid raak by die Here, want ons is onder die wet van die Here en ons en die wet kom nie reg nie; en
- is ons onder die wet en dus totaal verlore.

Die Seun van God het ook soos ons onder die wet van die Here gekom:

Maar toe die volheid van die tyd gekom het, het God sy Seun uitgestuur, gebore uit 'n vrou, gebore onder die wet, om die wat onder die wet was, los te koop, sodat ons die aanneming tot kinders kan ontvang. (Galasiërs 4:4-5 AFR53)

Weer 'n keer is dit nie 'n ding wat ons kan verstaan nie – ons moet dit net glo.

- God openbaar dat die Wetgewer onder die wet gebore word.
- Hy doen dit sodat Hy die hele wet kan vervul om volle geregtigheid te verwerf vir 'n sekere groepie mense.
 - Dit is al die mense wat Hy uitverkies het,
 - maar hulle is almal mense wat nie die mas teen die wet kan opkom nie.

3. Die verlossing en aanneming van sy kerkvolk

Tog is dit net een deel van die dinge wat waar is van die Seun van God. Daar is nog heelwat meer dinge wat waar is van Hom:

- As die almagtige God het die Seun van God bo die wet gestaan, met ander woorde buite die bereik van die vloek van die wet.
- Daarom wil Hy dit so doen dat Hy onder die wet gebore gebore word, met ander woorde onder die bereik van die vloek van die wet.

So word die Seun van God 'n mens sodat Hy die toorn van God teen al die sondes van die kerkvolk wat onder die wet gedoen is, kan dra. God straf Hom dus in hulle plek.

- Hierdie straf bereik aan die kruis die hoogtepunt (dieptepunt?) wanneer die Here Jesus sy lewe vir ons aflê en die mag van die dood oor ons verbreek met sy opstanding.
- Maar deur sy hele lewe het Hy hierdie straf gedra daarin dat Hy gehoorsaam was aan al die lyding wat oor Hom gekom het en dat Hy selfs met sy lewe gehoorsaam was aan die opdrag van God waarvoor Hy gebore is, naamlik om ons met straflyde te versoen met God.
 - So wreek die vloek van die wet hom op die Seun van God in al die lyding wat oor Hom kom.
 - Maar net so word sy opstanding terug in die lewe in die vervulling van die wet vir ons.

Die resultaat: Nou is ons nie meer diensknegte van die sonde nie. Ons is nou kinders van God.

- Dis genade wat meer is as wat ons kan verstaan.
- God gee vir ons die volheid van sy liefde met 'n fisiese ewige heerlijkheid waarvan ons deel word.

Kom ons kyk saam na Kategismus Sondag 14:

Vraag 35: Wat beteken: wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore is uit die maagd Maria?

Antwoord: Dat die ewige Seun van God, wat ware en ewige God is (a) en bly (b), die ware menslike natuur uit die vlees en bloed van die maagd Maria (c) deur die werking van die Heilige Gees aangeneem het (d). So is Hy tegelykertyd die ware nakomeling van Dawid (e), in alles aan sy broers gelyk (f), behalwe die sonde (g).

(a) 1 Joh 5:20; Joh 1:1; 17:3; Rom 1:3, Kol 1:15. (b) Rom 9:5. (c) Gal 4:4; Luk 1:31, 42, 43. (d) Matt 1:20; Luk 1:35. (e) Rom 1:3; Ps 132:11; 2 Sam 7:12; Luk 1:32; Hand 2:30. (f) Fil 2:7; Heb 2:14, 17. (g) Heb 4:15.

Vraag 36: Watter nut verkry jy uit die heilige ontvangenis en geboorte van Christus?

Antwoord: Dat Hy ons Middelaar is (a), en met sy onskuld en volkome heiligheid my sonde waarin ek ontvang en gebore is, voor God bedek (b).

(a) Heb 7:26, 27. (b) 1 Pet 1:18, 19; 3:18; 1 Kor 1:30, 31; Rom 8:3, 4; Jes 53:11; Ps 32:1.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 36:2, 3 (p. 179)

- 2 U goedheid, HEER, is hemelhoog; / u waarheid tot die wolkeboog; / u reg sal nooit begewe, maar staan soos berge, vas van voet; / u oordeel is 'n diepe vloed; / U sorg vir al wat lewe. Hoe kost'lik is u guns, o God! / Hoe vlug die mensekinders tot / u vleuels vir beskerming! Hul smaak die vette van u huis; / U laaf hul uit 'n stroom wat bruis / uit dieptes van ontferming.
- 3 Van al wat leef, is U die bron; / van alle lig, die ewige son / wat afstraal in ons oë. HEER, laat u reg en goedheid wees / oor wie opreg u ken en vrees / en steun op u vermoë: laat trotse voet my nooit vertrap, / nóg bouse hand in ballingskap / my dwing om rond te swerwe! Daar val die werkers van die kwaad / vir altyd in 'n jammerstaat / waarin hul magt'loos sterwe.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis

Gereformeerde Kerk Bellville. Datum: 4 September 2005

Hulpdienspredikant Clanwilliam: Datum: 21 Julie 2013